23.14 RAPPORT DEPUTATE RADIO EN TV-UITSENDINGS (Art 130)

A. Ds HL Stavast lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**

1. Opdrag

Acta 2012:440, 2. Om in samewerking met Radio Pretoria, SAUK (Tripel M Produksies), Radiokansel en ander gelisensieerde uitsaaiers die uitsending van eredienste, kerknuus en deelname aan Godsdiensprogramme vanuit die GKSA oor Radio en TV te reël.

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering van opdrag

Die uitsaai van eredienste, kerknuus en deelname aan Godsdiensprogramme het gereeld op Radio Pretoria en op verskeie geleenthede op RSG (SAUK) plaasgevind.

2.1 *Uitsaaigeleenthede*

2.1.1 Radio Pretoria

Die Godsdienskomitee van Radio Pretoria ken op ‘n gelyke basis met die NGK, NHK en APK aan die GKSA Godsdiensuitsendingsgeleenthede toe. Dit beteken dat 12 tot 13 weke per jaar deur Radio Pretoria toegeken word. Uitsendings behels ‘n Sondagoggenderediens, daaglikse dagopeninge en sluitings, huisgodsdienste en oggendoordenkings. Elke 4de maand ontvang die GKSA die geleentheid om Sondae-aande die Heidelbergse Kategismus te behandel. Kerknuus word Sondagoggende uitgesaai. ‘n Deputaat van die GKSA dien op Radio Pretoria se Godsdienskomitee.

2.1.2 RSG

Tripel M Produksie as gemagtigde om Godsdiensuitsendings op RSG te behartig het die afgelope drie jaar aan verskeie GKSA predikante die geleentheid gebied om eredienste en dagoordenkings waar te neem. Die geleenthede is nie deur die Deputate gekoordineer nie, maar vind plaas op eie oorleg.

2.1.3 SABS TV

Geen versoek is ontvang om vanuit die GKSA ‘n uitsaaigeleentheid waar te neem nie.

2.1.4 Radiokansel

Ds WGM Kotze dien as verteenwoordiger van die GKSA op ‘n subkomitee van die Raad van Radiokansel.

2.1.5 Franse Radio Bediening

Ds E Kayayan het ge-emigreer na Frankryk. Samewerking is bemoeilik as gevolg van die spesifieke taalfokus van die Radio bediening. Ds Kayayan is versoek om op gereelde basis nuusbriewe aan al die GKSA gemeentes deur te stuur.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.1.5 kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode besluit

3.1 *Aanbeveling*

Die benoemde Deputate die opdragte (pt1) kontinueer.

Besluit: Goedgekeur.